God is Onveranderlik

Ons dink gewoonlik aan die einde van ’n jaar en aan die begin van ’n nuwe jaar, aan die onveranderlikheid van God. Daar gebeur in die wêreld elke jaar baie dinge wat ons lewe verander. Daar is voortdurend ekonomiese, maatskaplike en politieke verandering. Elke dag bring nuus van verandering wat ons hele lewe raak. Die wêreld waarin ons lewe, kan nouliks herken word as dieselfde wêreld as dié waarin ons grootouers gebore is.

Politieke verandering en oorloë het die grense van lande versit, nasies vernietig en nasies laat ontstaan. Ons het van die donker eeue af beweeg tot in die ruimte-eeu, alhoewel die vraag bly staan of die ruimte-eeu enigsins minder donker is as die vroeëre eeue. Dit is dalk selfs donkerder omdat ons nader aan die einde van alle dinge lewe.

Selfs in die kerk was daar verandering. Die verloop van die jare het nie net die groot Reformasie van die kerk gebring nie, maar ook weer die verlies van alles wat die Reformasie gewin het. Ongeregtigheid het vermeerder en die liefde van baie het verkoel (Matt. 24:10-12). Die gelowige kerk lyk al hoe meer soos “ ’n beleërde stad” (Jes. 1:8). Op die oomblik voorspel dinge niks goed vir die kerk van Jesus Christus nie.

Baie van ons het ook in ons families groot, nie altyd aangename, verandering beleef. Vir sommiges bring ’n nuwe jaar vreugde en gesondheid, huwelike en kinders, sukses en welstand, maar vir ander bring dit net verlies en moeite, swaarkry en pyn. Party van ons treur nog oor geliefdes wat in die afgelope jare oorlede is. Ander het bitter beproewing deurgaan.

Wat sal ’n ander jaar bring? ’n Nuwe dekade? ’n Nuwe eeu?

Niemand weet nie, al doen sommige mense hulle ook as profete voor. Ons kan net seker wees dat so lank as wat die wêreld duur, die veranderende jare nog meer verandering en agteruitgang sal bring, want die wêreld waarin ons leef, is steeds die ou wêreld van sonde, duisternis en dood.

God verander nie. Dit is wat sy onveranderlikheid beteken. Hy *kan nie* verander nie. Hy is Jehova wat nie verander nie (Mal. 3:6), “die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie” (Jak. 1:17). Ons bely dit wanneer ons sê: “ja, van ewigheid tot ewigheid is U God” (Ps. 90:2).

God het sy voorneme en plan vir alle dinge nie verander nie. Hy wil steeds die redding van sy volk. Ook het Hy nie in mag verander nie sodat Hy steeds die Almagtige, die soewereine God van hemel en aarde is. Hy beheer en beskik steeds alle dinge (Ps. 115:3), ook alles wat met ons gebeur. Bowenal het Hy nie in liefde en genade verander nie. Hy het ons nie vergeet of verlaat nie, selfs al het dit vir ons so gelyk. Ons kan in die besonder hiervan seker wees, want ons Here Jesus, dié Een in wie ons onveranderlike God Homself openbaar “is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Heb. 13:8). In Hom is die onveranderlikheid van God die versekering dat alles vir ons ten goede meewerk (Rom. 8:28) en dat die goeie werk van die genade voleindig sal word (Filip. 1:6).

Is dit nie ’n heerlike vertroosting om te weet dat ons God nie verander nie? In Hom, deur die onveranderlike Jesus, berus ons.

Ronald Hanko

© 2018
www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.